# GOVERNMENT NOTICE
# GOEWERMENTSKENNISGEWING

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE
## DEPARTEMENT VAN LANDBOU

No. R. 338 7 April 2006

ANIMAL DISEASES ACT, 1984
(ACT No. 35 OF 1984)

**CONTROL MEASURES RELATING TO CLASSICAL SWINE FEVER IN A CERTAIN AREA**

I, Angela Thokozile Didiza, Minister of Agriculture, acting under section 9 (1) of the Animal Diseases Act, 1984 (Act No. 35 of 1984), hereby prescribe the control measures set out in the schedule.

**A.T. DIDIZA,**
Minister of Agriculture

SCHEDULE

***Definitions***

1. In this Schedule any word or phrase to which a meaning has been assigned in the Act, shall have that meaning and unless the context otherwise indicates -

"the Act", means the Animal Diseases Act, 1984 (Act No. 35 of 1984); and

"the Regulations", means the Animal Diseases Regulations as published by Government Notice No. R.2026 of 26 September 1986, as amended by Government Notices No.s R.2208 of 24 October 1986, R.266 of 13 February 1987, R.2343 of 16 October 1987, R.884 of 5 May 1988 (as corrected by Government Notice No. R.1043 of 3 June 1988), R.394 of 1 March 1991 (as corrected by Government Notice No. R.931 of 3 May 1991), R.2358 of 10 December 1993, R.1023 of 27 May 1994, R.254 of 6 February 1997, R.1136 of 11 September 1998, R.361 of 7 April 2000, R. 443 of 25 May 2001, R. 885 of 21 September 2001 (as corrected by Government Notice No. R.1386 of 21 December 2001), R.962 of 11 August 2004 and R.144 of 17 February 2005 (as corrected by Government Notice No. R.167 of 25 February 2005).

***Objective of control measure***

2. The objective of this control measure is to get rid of or prevent the spreading of Classical Swine Fever (also called European Swine Fever or Hog Cholera and hereinafter referred to as Classical Swine Fever) in pigs, wild pigs, bushpigs and warthogs from the area specified in the table -

(a) to prohibit the export of pigs, wild pigs, bushpigs and warthogs, as well as any of their products and genetic materials, from such area; and

(b) to prohibit the movement of pigs, wild pigs, bushpigs and warthogs, as well as any of their products and genetic materials, except on authority of a permit from such area.

***Prohibition on the export of pigs, wild pigs, bushpigs and warthogs, as well as any of their products and genetic materials from a certain area***

3. No pigs, wild pigs, bushpigs and warthogs, nor any of their products and genetic materials may be exported from the area specified in the table.

***Prohibition on the movement of pigs, wild pigs, bushpigs and warthogs, as well as any of their products and genetic materials, except on authority of a permit***

4. (1) No pigs, wild pigs, bushpigs and warthogs, nor any of their products and genetic materials may be moved from the area specified in the table, except under the authority of a permit contemplated in regulation 20(1) of the Regulations.

(2) The permit referred to in subregulations 2(b) and 4(1) may be issued only for pigs, wild pigs, bushpigs and warthogs, as well as any of their products and genetic materials, that are certified to be free of Classical Swine Fever to the satisfaction of the director referred to in section 2(1) of the Act.

(3) Any exemption in terms of Regulations 11(2) (a) and (b) may be granted only subject to written approval of the director referred to in section 2(1) of the Act.

TABLE

The following area:

Whole of Eastern Cape Province

No. R. 338 7 April 2006

WET OP DIERESIEKTES, 1984
(WET No. 35 VAN 1984)

**BEHEERMAATREËLS BETREFFENDE KLASSIEKE VARKPES IN 'N SEKERE GEBIED**

Ek, Angela Thokozile Didiza, Minister van Landbou, handelende kragtens artikel 9(1) van die Wet op Dieresiektes, 1984 (Wet No. 35 van 1984), skryf hiermee beheermaatreëls in die Bylae uiteengesit, voor.

**A.T. DIDIZA,**
Minister van Landbou

**BYLAE**

***Woordomskrywing***

1. In hierdie Bylae het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg is, daardie betekenis en, tensy uit die inhoud anders blyk, beteken -

"die Wet" die Wet op Dieresiektes, 1984 (Wet No. 35 van1984); en

"die Regulasies" die Dieresiekteregulasies soos gepubliseer in Goewermentskennisgewing No. R.2026 van 26 September 1986, soos gewysig in Goewermentskennisgewings No.s R.2208 van 24 Oktober 1986, R.266 van 13 Februarie 1987, R.2343 van 16 Oktober 1987, R.884 van 5 Mei 1988 (soos reggestel in Goewermentskennisgewing No. R.1043 van 3 Junie 1988), R.394 van 1 Maart 1991 (soos reggestel in Goewermentskennisgewing No. R.931 van 3 Mei 1991), R.2358 van 10 Desember 1993, R.1023 van 27 Mei 1994, R.254 van 6 Februarie 1997, R.1136 van 11 September 1998, R.381 van 7 April 2000, R. 443 van 25 Mei 2001, R. 885 van 21 September 2001 (soos reggestel in Goewermentskennisgewing No. R.1386 van 21 Desember 2001), R.962 van 11 Augustus 2004 en R.144 van 17 Februarie 2005 (soos reggestel in Goewermentskennisgewing No. R.167 van 25 Februarie 2005).

***Oogmerk van beheermaarreëls***

2. Die oogmerk van hierdie beheermaatreëls is om, ten einde die verspreiding van Klassieke Varkpes (ook Europese Varkpes of Hog Cholera genoem en hierna Klassieke Varkpes genoem) in varke, wilde varke , bosvarke and vlakvarke vanaf die gebied in die tabel vermeld, te voorkom -

(a) die uitvoer van varke, wilde varke, bosvarke en vlakvarke, of enige van hulle produkte of genetiese materiaal, vanaf sodanige gebied te verbied; en

(b) die beweging van varke, wilde varke, bosvarke en vlakvarke, of enige van hulle produkte of genetiese materiaal, behalwe op gesag of deur die magtiging van 'n permit, van sodanige gebied te verbied.

***Verbod op die uitvoer van varke, wilde varke, bosvarke en vlakvarke of enige van hulle produkte of genetiese materiaal, vanaf 'n sekere gebied***

3. Geen varke, wilde varke, bosvarke en vlakvarke vanaf die gebied in die tabel vermeld, of enige van hulle produkte of genetiese materiaal, mag uitgevoer word nie.

***Verbod op die beweging van varke, wilde varke, bosvarke en vlakvarke, of enige van hulle produkte of genetiese materiaal, behalwe soos gemagtig deur 'n permit***

4. (1) Geen beweging van varke, wilde varke, bosvarke en vlakvarke, of enige van hulle produkte of genetiese materiaal, mag van die gebied in die tabel vermeld plaasvind nie, behalwe deur die magtiging van 'n permit soos beskryf in regulasie 20(1) van die Regulasies.

(2) Die permit waarna in subregulasies 2(b) en 4(1) verwys word, mag slegs vir varke, wilde varke, bosvarke en vlakvarke, of enige van hulle produkte of genetiese material, uitgereik word wat as vry van Klassieke Varkpes gesertifiseer is volgens die tevredenheid van die Direkteur waarna in artikel 2(1) van die Wet verwys word.

(3) Enige vrystelling in terme van Regulasie 11(2)(a) en (b) mag slegs toegestaan word onderhewig aan die skriftelike goedkeuring van die Direkteur waarna in artikel 2(1) van die Wet verwys word.

TABEL

Die volgende gebied:

Die hele Oos Kaap Provinsie